
PINKSTER
KERKWEES DEUR DIE
KRAG
van die
GEES
HANDELINGE 2:1-21

Toe die dag van die pinksterfees aanbreek,
was hulle almal op een plek bymekaar.
2 Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos
van 'n geweldige stormwind, en dit het die
hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3 Hulle
het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel
en op elkeen van hulle gekom het. 4 Almal is
met die Heilige Gees vervul en hulle het in
ander tale begin praat soos die Heilige Gees
dit aan hulle gegee het om onder sy leiding
te doen.

**HANDL 2:1-21**

5 Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies
onder die son in Jerusalem gewoon. 6 Toe die
mense die geluid hoor, het 'n groot skare
saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het
hoe daar in sy eie taal gepraat word, het
hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. 7 Verras
en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar
praat, is tog almal Galileërs. 8 Hoe hoor elkeen
van ons dan sy eie moedertaal? 9 Perse,
Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners
van Mesopotamië, Judea en Kappadosië,

**HANDL 2:1-21**

Pontus en die provinsie Asië, 10 Frigië en
Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om
Sirene, mense uit Rome, 11 Jode sowel as
heidene wat die Joodse geloof aangeneem
het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in
ons eie tale praat oor die groot dinge wat
God gedoen het.” 12 Hulle was almal verbaas
en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar
gevra: “Wat kan dit tog beteken?”
13 Maar party het gespot en gesê: “Hulle is
dronk.”

**HANDL 2:1-21**

14 Toe staan Petrus saam met die elf ander
apostels op en onder leiding van die Heilige
Gees spreek hy die mense toe: “Jode en julle
almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle
verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek
gaan sê: 15 Hierdie mense is nie dronk soos
julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in
die môre. 16 Nee, hier gebeur wat God deur
die profeet Joël gesê het: 17 Só sal dit in die
laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees
uitstort op alle mense:

**HANDL 2:1-21**

julle seuns en julle dogters sal as profete optree;
julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense
sal drome droom. [18]Ja, op my dienaars en my
dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees
uitstort, en hulle sal as profete optree. [19]Ek sal
tekens bo in die lug en wonders onder op die
aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. [20]Die
son sal pikdonker word en die maan bloedrooi
voordat die groot en glorieryke dag van die
Here kom. [21]So sal dit dan wees: elkeen wat die
Naam van die Here aanroep, sal gered word.

**HANDL 2:1-21**

# PINKSTERFEES

- Oes aan God gewy
- 50ste dag na Pasga



15“Van die dag ná die sabbat af, die dag
waarop julle die are as beweegoffer vir
die Here aanbied, moet julle sewe volle
weke tel. 16Die dag ná die sewende
sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir
die Here ’n graanoffer bring uit die pas
geoeste graan.

**Lev 23:15-16**


# PINKSTERFEES

- Oes aan God gewy
- 50ste dag na Pasga
- Moses die Wet ontvang
- Pelgrimsfees
- Die hele volk is getuies!




# GOD TEENWOORDIG

- Stormwind en vuur


2 Toe verskyn die Engel van die Here aan
hom in ’n vlam binne-in ’n doringbos.
Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos
aanhou brand, maar nie uitbrand nie.
Eks 3:2

18Die hele Sinaiberg het begin rook toe die
Here in vuur daarheen afkom; die rook het
opgetrek soos die rook van 'n oond. Die
hele berg het ook geweldig geskud, 19en
die geluid van die ramshoring het al hoe
harder en harder geword. Moses het
gepraat, en God het hom in die
donderslae geantwoord.

**Eks 19:18-19**


15 Die Here kom in vuur,
sy strydwaens is soos ’n stormwind.
Jes 66:15

# GOD TEENWOORDIG

- Stormwind en vuur
- Gees – “wind/asem”
- Nuwe manier Teenwoordig
- Gees oor ALMAL uitgestort

# IN ELKE TAAL

- 15 “Bekende” tale
- Groot dinge wat God doen
- Toring van Babel omgekeer
- EEN Boodskap: Jesus is Here!

# PINKSTER 2019

- Wat sien buitestaanders?
- God sigbaar in ons?
- “Jesus is Here” nog hoorbaar?
- Vertel ons die “groot dinge”?
- Wat kerke “gewoonlik” doen?




PINKSTER 2019
“Prys die Here net soos wat die voorskrifte sê jy moet...”


PINKSTER 2019
"Die Here is groot!"


PINKSTER
KERKWEES DEUR DIE
KRAG
van die
GEES
HANDELINGE 2:1-21